basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## EKONOMIE V2

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar. 2025

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die werklike besteding wat 'n besigheid in die produksieproses aangaan, staan as ... koste bekend.

A geleentheids-
B implisiete
C eksplisiete
D addisionele

1.1.2 Die markstruktuur wat as 'n hibridiese struktuur beskou word, staan as ... bekend.

A monopolistiese mededinging
B 'n monopolie
C volmaakte mededinging
D 'n oligopolie

1.1.3 Die meeste markte slaag nie daarin om vinnig by veranderinge in vraag en aanbod aan te pas nie, as gevolg van 'n gebrek aan ...

A positiewe eksternaliteite.
B besteding.
C negatiewe eksternaliteite.
D inligting.

1.1.4 Swartmarkte ontwikkel wanneer die owerheid inmeng deur 'n ... prys te hef.

A minimum
B totale
C maksimum
D aanbod-

1.1.5 Die berekening van die inflasiekoers van alle finale goedere en dienste deur die implisiete BBP-deflator te gebruik, word na verwys as ... inflasie.

A allesomvattende
B alles-eksklusiewe
C verbruikers-
D hele-ekonomie-

1.1.6 Kostedruk-inflasie gee aanleiding tot ...

A laer lone.
B natuurrampe.
C toename in produktiwiteit.
D laer winsgrense.

1.1.7 Die minimum lengte van verblyf moet ... wees wanneer toerisme gemeet word.

A een week
B twee dae
C een maand
D een nag

1.1.8 Finansiële ondersteuning wat deur die owerheid voorsien word om investering in groen energie aan te moedig, staan as 'n ...-subsidie bekend.

A eiendom
B omgewing
C indiensneming
D uitvoer (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Nywerheid | A wettige beperkinge wat voorkom dat ander verskaffers die mark betree |
| 1.2.2 Natuurlike monopolieë | B Suid-Afrikaanse burgers wat na ander lande reis |
| 1.2.3 Onderlinge afhanklikheid | C daarop gemik om reis meer toeganklik en bekostigbaar binne Suid-Afrika te maak |
| 1.2.4 Minimum loon | D 'n doelwit om uiterste armoede en honger uit te wis |
| 1.2.5 Indekse | E die besluit van een besigheid om pryse te verhoog, word beïnvloed deur hoe ander besighede sal reageer |
| 1.2.6 Uitgaande toeriste | F 'n groep besighede wat dieselfde produkte produseer of aanbied |
| 1.2.7 Sho't left-veldtog | G saamgestel deur die pryse van 'n verteenwoordigende mandjie goedere en dienste gereeld aan te teken |
| 1.2.8 Millenniumontwikkelings-doelwit | H hoë ontwikkelingskoste voorkom dat ander besighede die mark betree |
| | I die bedrag geld deur die owerheid vasgestel, waaronder geen werknemers hulle werkers mag betaal nie |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Produkte wat met betrekking tot kwaliteit, grootte en voorkoms identies is

1.3.2 'n Wettige en eksklusiewe reg om 'n produk te vervaardig

1.3.3 'n Tegniek om die sosiale koste en sosiale voordele wat met groot owerheidsprojekte geassosieer word, te evalueer

1.3.4 Vind plaas wanneer daar 'n styging in die algemene prysvlak is wat deur 'n styging in die produksiekoste veroorsaak word

1.3.5 Toeriste-aktiwiteite waar mense plekke besoek waar hulle die uiteenlopende natuurlike skoonheid van 'n land kan ervaar

1.3.6 Hulpbronne wat nie vervang kan word wanneer dit eers ontgin is nie (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE kenmerke (eienskappe) van openbare goedere. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom ontmoedig die geknakte vraagkromme 'n oligopolie-firma om hulle pryse te verhoog? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE BANKBEDRYF**
**Monopolie of Oligopolie?**




[Bron: www.iol.co.za, September 2024]

2.2.1 Identifiseer die markstruktuur wat die bankbedryf verteenwoordig in die uittreksel hierbo. (1)

2.2.2 Noem die instelling wat beperkende besigheidspraktyke ondersoek. (1)


2.2.3 Beskryf kortliks die term *prysleierskap*. (2)

2.2.4 Verduidelik die impak van samespanning deur banke op verbruikers. (2)

2.2.5 Waarom streef besighede daarna om skaalvoordele te bereik? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GEVOLGE VAN MARKMISLUKKINGS**




2.3.1 Identifiseer enige EEN negatiewe eksternaliteit in die inligting hierbo. (1)

2.3.2 Noem 'n private voordeel wat produsente van goedere en dienste geniet. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *sosiale koste.* (2)

2.3.4 Waarom lei positiewe eksternaliteite, soos onderwys en opleiding, tot markmislukking? (2)

2.3.5 Hoe kan die owerheid die verbruik van niemerietegoedere ontmoedig? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik, met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, die verhouding tussen die vraagkromme (GI) en die marginale inkomstekromme van 'n monopolie. (2 x 4) (8)

2.5 Hoe kan die owerheid inkome en rykdom herverdeel om markmislukking reg te stel? (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE maniere wat gebruik word om inflasie te meet. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan die owerheid onderwys gebruik om omgewingsvolhoubaarheid te verseker? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**COP-28, DUBAI 2023**
**Assesseer wêreldpogings om klimaatsverandering aan te pak**




[Aangepas uit www.greenhumour.com]

3.2.1 Identifiseer 'n term in die spotprent hierbo wat verband hou met natuurlike hulpbronne wat vervang kan word wanneer dit gebruik is. (1)

3.2.2 Noem enige EEN internasionale ooreenkoms wat aangegaan is om klimaatsverandering te verminder. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *aardverwarming.* (2)

3.2.4 Waarom hef die owerheid groenbelasting op sekere goedere en dienste? (2)

3.2.5 Verduidelik die omgewingsvoordele wanneer die gebruik van fossielbrandstowwe verminder word. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE INFLASIEVERWAGTINGE – 2024**

Suid-Afrikaanse ontleders, sakelui en vakbonde het hulle inflasieverwagtinge verlaag. Inflasieverwagtinge van huishoudings het skerp gestyg, wat hulle hoogste vlak van 6,9% in die derde kwartaal bereik het, vanaf 6,4% in die tweede kwartaal.

Ter verduideliking van die vorige besluite om die repokoers onveranderd te laat, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) gesê dat inflasieverwagtinge steeds hoog is. Nietemin probeer die SARB die inflasiekoers binne die inflasieteikengrens te hou.

[Bron: www.reuters.co.za]

3.3.1 Identifiseer die inflasieverwagtinge van huishoudings in die derde kwartaal van 2024 in die uittreksel hierbo. (1)

3.3.2 Noem die inflasieteikengrens wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank vasgestel is. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *stagflasie.* (2)

3.3.4 Verduidelik die gedrag van werkers wanneer hulle verwag dat pryse gaan styg. (2)

3.3.5 Hoe kan 'n verhoging in rentekoerse help om inflasie in die ekonomie te bekamp? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks *beskerming* en *bewaring* met betrekking tot die stand van die omgewing. (2 x 4) (8)

3.5 Ontleed die negatiewe impak van hoë inflasie op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE soorte besoedeling. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom hef die owerheid minimum pryse op sekere goedere in die mark, soos mielies? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MONOPOLISTIESE MEDEDINGING**

Die mededinging vir beheer in Suid-Afrika se kruideniersware-kleinhandelsektor is besig om te versterk, met aanlyn (internet) gerief, premium handelsname en gesonder produkopsies wat die sleutel tot sukses is.

Aanlyn kruideniersware-verkope het vanaf 2019 jaarliks met 54% gegroei totdat dit R23 biljoen in 2023 bereik het. In 2024 beplan 26% van SA verbruikers om hulle aanlyn kruideniersware-inkopies te verhoog, wat aansienlik hoër as wêreldmarkte is.

[Aangepas uit www.businesstech.co.za]

4.2.1 Identifiseer die jaarlikse groeikoers van aanlyn kruideniersware-verkope in Suid-Afrika in die uittreksel hierbo. (1)


4.2.2 Noem die aard van die produk wat in 'n monopolistiese mededingende mark verkoop word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *nieprys-mededinging.* (2)

4.2.4 Verduidelik die belangrikheid van handelsmerkgewing in onvolmaakte markte. (2)

4.2.5 Waarom verdien 'n monopolistiese mededingende firma normale wins op lang termyn? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: www.statssa.gov.za]

4.3.1 Identifiseer die VPI-inflasiekoers vir Maart 2024 in die grafiek hierbo. (1)

4.3.2 Noem die prysindeks wat belasting op toegevoegde waarde (BTW) uitsluit. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *geadministreerde prys-inflasie*. (2)

4.3.4 Waarom is kerninflasie meer stabiel as verbruikersprysindeks(VPI)-inflasie? (2)

4.3.5 Hoe kan 'n toename in produktiwiteit help om inflasie te bekamp? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks *produktiewe ondoeltreffendheid* en *toedelings-ondoeltreffenheid* as gevolge van markmislukking. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe kan die owerheid bevel-en-beheermaatreëls gebruik om omgewingsvolhoubaarheid te verseker? (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord:<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Stel voor/Interpreteer/Debatteer/Hoe<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die korttermyn-ewewigsposisies in 'n volmaakte mark met die hulp van drie aparte grafieke. (26)
- Evalueer die impak van volmaakte mededinging op verbruikers. (10)
**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Ondersoek in detail die voordele van toerisme. (26)
- Ontleed die belangrikheid van inheemse kennisstelsels (IKS) in die bevordering van toerisme. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou